IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

RECK .................................... Appellant

en

MILLS .................................... Eerste Respondent

en

HARTMAN .................................. Tweede Respondent

Coram: JOUBERT, HEFER, NESTADT, EKSTEEN et

F H GROSSKOPF ARR.

Verhoor: 6 November 1989

Gelewer: 27 November 1989

---

UITSPRAAK

JOUBERT AR:

/Hierdie ......

Hierdie appèl is gerig teen die geheel van die uitspraak van BURGER R in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling in die saak gerapporteer as Mills v Reck & Others, 1988(3) SA 92 (C). Op 2 Mei 1988 is verlof deur die Hoofregter aan Reck as appellant verleen om in hoër beroep na hierdie Hof te kom. Hartman as tweede respondent het nie aan die appèl in hierdie Hof deelgeneem nie. Mills as eerste respondent het wel die appèl in hierdie Hof bestry.

Reck doen aansoek om kondonasie van die laat-indiening van die kennisgewing van appèl en die oorkonde van die saak. Hierdie aansoek word ondersteun deur 'n beëdigde verklaring van sy prokureur W P Strauss. Volgens Reël 5(1) van hierdie Hof moes die kennisgewing van appèl voor of op 1 Junie 1988 ingedien gewees het. Die kennisgewing van appèl is eers op 27 Junie 1988 deur prokureur Strauss

onderteken. Dit word nie in prokureur Strauss se ondersteunende beëdigde verklaring vermeld wanneer dit by die Griffier van hierdie Hof ingedien is nie. Volgens navraag by die Griffier is dit eers op 29 Junie 1988 ingedien. Dit is ook op laasgenoemde datum beteken aan Mills se prokureur Kurz soos dit blyk uit laasgenoemde se antwoordende beëdigde verklaring. Eers op 31 Augustus 1988 het prokureur Strauss die aangeleentheid van sekuriteit vir koste afgehandel.

Die oorkonde moes volgens Reël 5(4)(b) binne 3 maande na 2 Mei 1988 by die Griffier van hierdie Hof ingedien gewees het en aan die prokureur van Mills gelewer gewees het. Prokureur Strauss vermeld nie wanneer hy gepoog het om aan die voorskrifte van Reël 5(4)(b) te voldoen nie. Volgens navraag by die Griffier van hierdie Hof is die oorkonde eers op 12 September 1988 alhier ingedien terwyl dit uit die beëdigde verklaring van prokureur Kurz blyk dat die oorkonde stuksgewys eers op

/4......

6 en 14 Desember 1988 aan hom gelewer is.

Kondonasie om aan die voorskrifte van hierdie Hof se Reëls betyds te voldoen, word nie by wyse van 'n blote formaliteit verleen nie. Hierdie Hof het telkemale reeds beklemtoon dat die betrokke voorskrifte nougeset en betyds nagekom moet word. Waar 'n party (of sy prokureur) besef dat hy nie binne die voorgeskrewe tydperk, soos deur hierdie Hof se Reëls neergelê, in staat sal wees om aan die voorskrifte van die betrokke Hofreël te voldoen nie, behoort hy so gou doenlik om kondonasie aansoek te doen.

In die onderhawige geval is dit duidelik dat Reck self hoegenaamd geen skuld gehad het aan die versuim van prokureur Strauss om aan die voorskrifte van die vermelde Hofreëls betyds te voldoen nie. Dit blyk ook dat hy geensins kennis gedra het van die prokureur se versuim nie en dat hy hom geensins met sodanige versuim vereenselwig het nie.

Die blaam vir die versuim om aan die voorskrifte van die vermelde Hofreëls te voldoen, tref prokureur Strauss alleen. Ek het reeds aangetoon dat sy ondersteunende beëdigde verklaring in belangrike opsigte gebrekkig is om die relevante feite volledig te vermeld. Prokureur Strauss se verduideliking vir sy pligsversuim kom daarop neer dat hy sy prokureursfirma man-alleen behartig en dat hy aan ander belangrike hofwerk sy volle aandag geskenk het ten koste van die hantering van sy klient Reck se appèl. In paragraaf 10 van sy ondersteunende beëdigde verklaring sê hy o.a. die volgende:

> "Ek besef dat my optrede nie voldoen aan die vereiste standaard en aan die standaard wat ek gewoonlik handhaaf nie - - - "

Trouens sy verduideliking is geen verskoning vir sy ernstige pligsversuim as prokureur in die omstandighede nie. Sy versuim om betyds op te tree, kom neer op 'n flagrante skending van sy beroepsplig as prokureur teenoor sy klient Reck wat

sy vertroue as leek geheel en al in hom geplaas het. Dit grens aan growwe nalatigheid en 'n bykans ongeërgde houding aan die kant van prokureur Strauss. Ten einde Reck in die omstandighede nie ernstige skade en moontlike onreg aan te doen nie het hierdie Hof na aanhoor van die aansoek om kondonasie wat nie bestry is nie dit gerade geag om sy diskresie oor die toestaan of weiering daarvan uit te oefen nadat argumente oor die meriete van die appèl aangehoor is.

Ek gaan nou daartoe oor om die meriete van die appèl te behandel.

Die Antipolis was 'n tenkskip wat 'n aantal jare gelede digby die strand naby Oudekraal langs die Kaapse kus gestrand het. Die skeepswrak is deur sy oorspronklike eienaars sowel as deur sy versekeraars geabandonneer sodat dit *res derelicta* en derhalwe *res nullius* geword het. Die agterstewe van die skeepswrak het bo die oppervlakte van

die see uitgesteek terwyl sy masjienkamer onder die water was. In die masjienkamer was daar 'n groot kondensor met 'n massa van ongeveer 30 ton wat aan die vloer van die masjienkamer aangeheg is. Die inhoud van die groot kondensor het bestaan uit koper-nikkel pype wat aan twee plate geheg is. Die massa van die inhoud was ongeveer 18 ton terwyl die staalomhulsel van die groot kondensor se massa ongeveer 15 ton was. Verskeie pogings is in die verlede deur onbekende duikers aangewend om snitte deur die staalomhulsel te maak om sodoende toegang tot die inhoud te kry. Bokant die groot kondensor was turbines sodat dit prakties uiters moeilik en selfs baie duur sou wees om die groot kondensor intak te berg. Daar was ook in die masjienkamer 'n klein kondensor of "heat exchanger" wat egter nie 'n rol in die saak speel nie.

Op 27 Augustus 1987 het Mills in die Hof a quo 'n dringende aansoek by wyse van 'n kennisgewing van mosie

gebring teen Reck as eerste respondent en Hartman as tweede respondent vir 'n bevel nisi in terme van die konsepbevel "X" (band 1 p 3-4) wat soos volg lui:

1. "That a Rule Nisi do issue caling upon the First and Second Respondents and all persons interested to show cause, if any, to this Court on the 9th September 1987 at 10h30 why an Order in the following terms should not be made final :-

A. That the First and Second Respondents are ordered forthwith and ante omnia to restore to the Applicant possession of all the Condensors and/or their contents on the wreck 'ANTIPOLIS' referred to in the Founding Affidavit or any of such Condensors and/or their contents removed from the 'ANTIPOLIS' pending the final determination of an action to be instituted by the Applicant against the

First and Second Respondents for a declaratory Order as to ownership and other relief;

B. Restraining and interdicting the First and Second Respondents from in any way interfering with the Applicant's possession of the said Condensors and/or their contents.

C. That the First and Second Respondents be ordered to pay the costs of this Application.

2. That, pending the return day, paragraph 1 A and B hereof shall operate as a temporary interdict as against the First and Second Respondents and all other interested parties.

3. That, in the event of possession of the said Condensors and/or their contents being restored to the Applicant, he be permitted forthwith to continue to salvage the contents of the said Condensors and that he be ordered to place such contents

/10......

> in the safe custody of the Deputy Sheriff of Cape Town pending the final determination of the said intended action to be instituted by him against the First and Second Respondents."

Nader beskou, is dit duidelik dat bede 1 A gebaseer is op die _Mandament van Spolie_ as regsmiddel met die stelreël _spoliatus ante omnia restituendus est_ as grondslag nl. die persoon (_spoliatus_) wie se besit wederregtelik ontneem is, moet eers in sy vorige toestand herstel word deur die _spoliator_ voordat daar op die meriete van die saak ingegaan word. Treffend word die vereistes vir die _Mandament van Spolie_ gestel deur LUCAS Wn R in _Scoop Industries (Pty) Ltd v Langlaagte Estate and G.M. Company Ltd_ (_In Vol. Liq_.), 1948(1) SA 91 (W L D) op p 98-99 soos volg:

> "Two factors are requisite to found a claim for an order for restitution of possession on an allegation of spoliation.

> The first is that the applicant was in possession and, the second, that he has been wrongfully deprived of that possession and against his wish. It has been laid down that there must be clear proof of possession and of the illicit deprivation before an order should be granted. (See Rieseberg v Rieseberg, 1926 W L D 59 at p 65). It must be shown that the applicant had had free and undisturbed possession (Hall v Pitsoane, 1911 T P D 853). When it is shown that there was such possession, which is possession in physical fact and not in the juridical sense, and there has been such deprivation, the applicant has a right to be restored in possession ante omnia. On a claim for such restoration it is not a valid defence to set up a claim on the merits."

(Onderstreping deur my).

Dit is duidelik dat die volgende sinsnede in bede 1 A volkome onnodig, misplaas en verwarrend is, nl. "pending the final

determination of an action to be instituted by the Applicant against the First and Second Respondents for a declaratory Order as to ownership and other relief." Ek sal daarna as die kwalifiserende sinsnede verwys.

Soos bede 1 B bewoord is, word 'n permanente interdik aangevra. Genoemde kwalifiserende sinsnede moes eintlik hier aangewend gewees het sodat 'n tydelike interdik aangevra word hangende die instel van 'n aksie om 'n verklarende bevel betreffende eiendomsreg van die skeepswrak se kondensors.

In sy funderende beëdigde verklaring het Mills daarop gewys dat hy 'n ervare duiker is wat die houer is van 'n geldige bergingslisensie uitgereik ingevolge die voorskrifte van die Doeane - en Aksynswet 91 van 1964. Dit magtig hom om langs die Suid-Afrikaanse kuslyn na geabandonneerde skeepswrakke te soek en besit te neem van voorwerpe wat hy daarvan bekom onderhewig aan die regte van

ander persone. (Ek mag in hierdie verband op die volgende wys: die bepalings van die bergingslisensie is eintlik om die Kontroleur van Doeane en Aksyns in staat te stel om vir fiskale doeleindes beheer uit te oefen oor gebergde voorwerpe wat van skeepswrakke aan land gebring word. Dit raak geensins die bepalings van die gemene reg ten aansien van geabandonneerde skeepswrakke as res derelictae of res nullius nie). In kort, Mills beroep hom op 'n mondelinge vennootskapsooreenkoms wat hy met Reck aangegaan het om die groot kondensor van die Antipolis oop te sny en die inhoud daarvan te verwyder en te verkoop. Reck was 'n duiker wat 'n apparaat gehad het om onderwater snywerk te verrig. Op 24 Julie 1987 is hy en Reck na die Antipolis waar hy 'n kraanbalk op die agterstewe daarvan opgerig het. Reck het 'n tou aan die kondensor vasgemaak en 'n boei aan die punt daarvan geplaas om op die oppervlakte van die see te dryf. Reck het

/14......

begin om snitte in die staalomhulsel van die groot kondensor te sny. Slegte weer het hulle werksaamhede onderbreek. Gedurende Augustus 1987 het Hartman en sy helpers ook aan die staalomhulsel van die groot kondensor kom sny. Reck het kort daarna by Hartman aangesluit om gesamentlik aan die groot kondensor te sny. Mills het beweer dat die skeepswrak van die Antipolis res derelicta is (para 21 band 1 p 10), dat hy en Reck mede-eienaars van die kondensors en hul inhoud was en dat Reck en Hartman hom wederregtelik sy besit van die kondensors en hul inhoud ontneem het (para 23 band 1 p 11). Dit was die causa van sy aansoek. Dit is van groot belang om dit in gedagte te hou by die verdere verloop van die saak.

In sy antwoordende beëdigde verklaring het Reck ontken dat hy en Mills vennote was t.o.v. die bergingsprojek op die skeepswrak. Mills sou slegs in die

winste deel vir sy bydrae tot die bergingswerk en vergoed word vir sy uitgawes maar Reck sou die uitsluitlike eiendomsreg van en besitsreg oor die kondensors hê. Hy het self nie 'n bergingslisensie gehad nie. Hy het die aanbring van die kraanbalk deur Mills erken maar ontken dat 'n tou met 'n boei aan die groot kondensor vasgemaak is. Omdat Mills nie sy onderneming om met die berging behulpsaam te wees, nagekom het nie, het hy die ooreenkoms met Mills beëindig. Vervolgens het hy 'n ooreenkoms met Hartman aangegaan om sy snyapparaat aan hom beskikbaar te stel. Hartman het wel 'n bergingslisensie. Hy ontken dat Mills enige eiendomsreg oor of besitsreg van die kondensors verkry het.

Hartman het in sy antwoordende beëdigde verklaring vermeld dat hy onbewus was van enige aanspraak van Mills op die kondensors. Hy het by die skeepswrak wel 'n tou opgemerk maar dit was nie vas aan 'n kondensor met 'n

boei nie. Hy het nuwe snitte in die groot kondensor gesny en glad nie aan die ou snymerke gesny nie. Hy het origens Reck se bewerings in soverre dit op hom betrekking het, bevestig.

Al wat van belang is aangaande Mills se repliserende beëdigde verklaring is dat hy daarin ontken dat hy in diens van Reck was. Hy herbevestig die bewerings vervat in sy funderende beëdigde verklaring.

Mills se bewering dat die skeepswrak van die Antipolis 'n res derelicta en derhalwe 'n res nullius was, was gemene saak. In hierdie verband is dit gewens om daarop te wys dat volgens ons gemene reg word eiendomsreg oor 'n saak deur derelictio verloor wanneer 'n eienaar sy saak prysgee of abandonneer met die bedoeling om nie meer eienaar daarvan te wees nie. Raadpleeg Inst 2.1.47, de Groot 2.1.52, 2.32.3, Vinnius ad Inst 2.1.46 nr 1, Van Leeuwen

/17......

C.F. 1.2.1.18, 1.2.3.14, Voet 41.1.10, Van der Keessel _ad_ Gr 2.32.3. Sodanige saak is dan 'n _res derelicta_ sonder 'n eienaar (_res nullius_). Die persoon wat as _occupator_ fisieke beheer (_detentio_, _corpus_, _factum_) daarvan verkry met die bedoeling om eienaar daarvan te wees, word besitter sowel as eienaar daarvan deur _occupatio_ of toe-eiening. Raadpleeg Voet 41.1.2, Groenewegen _ad_ Inst 2.1.47. Dit geld ook waar 'n skeepswrak deur sy eienaar geabandonneer is met die bedoeling om op te hou om eienaar daarvan te wees. Dit geld egter nie waar goedere tydens 'n seestorm oorboord gegooi word ten einde die skip te probeer red nie. Inst 2.1.48, D 41.1.7, de Groot 2.1.52, Van Leeuwen C.F. 1.2.3.14. _Bona tempestate ejecta_ bly die eiendom van hul eienaars en is nie _res derelicta_ nie. Daar kon derhalwe onsekerheid wees of goedere wat na 'n seestorm op die see dryf of op die strand uitspoel _res derelictae_ is of nie. Dit skyn die

rede te wees waarom die plundery van skeepswrakke en uitgespoelde goedere op die strande in die Romeinse reg strafbaar gemaak is (D 47 titel 9 asook Cod 11 titel 6(5)). Gedurende die middeleeue het die Grawe van Graafskap Holland hulle op hul _regalia_ beroep om aanspraak te maak op uitgespoelde goedere op die strande indien die eienaars daarvan nie binne ŉ jaar en ses weke opdaag om hul goedere op te eis en die bewaringskoste te betaal nie. Raadpleeg Dirk Graswinckel, _Speciale Beschryvingh van het Gebruyck_, _ofte Daadelijcke Bezitting van Opperste Macht der Ed. Groot Mog. Heeren Staten van Hollandt ende West-Vriesland_, 1674, boek 2 cap 6 nr 25, de Groot 2.4.36, Van Leeuwen C.F. 1.2.3.15, Voet 47.9.3. Die hele aangeleentheid word breedvoerig behandel deur Boel _ad_ Loenius se _Decisien en Observatien_, Casus 94 asook deur Van der Keessel _ad_ Gr 2.4.36. Dit is opvallend dat Van der Linden (1756-1835), een van die laaste skrywers oor die Romeins-Hollandse

reg, in sy Koopmans Handboek 1.7.2 nr 6 geen melding daarvan maak dat sulke onopgeëisde goedere as bona vacantia aan die owerheid toeval nie. Tereg wys de Blécourt-Fischer, Kort Begrip van het Oud-Vaderlands Burgerlijk Recht, 7e druk, p 146 daarop dat geen regalium van die owerheid gegeld het t.o.v. res derelictae wat die eiendom van die occupator geword het nie.

Op 28 Augustus 1987 het die aansoek voor ROSE-INNES R gedien. Hy het by ooreenkoms die aansoek op die "semi-dringende rol" geplaas. Sonder om rekening te hou met die bepalings van Eenvormige Reël 6(5)(g) het hy verder beveel soos vermeld in 1988(3) SA op p 94 C-E.

Op 29 Oktober 1987 het die saak voor BURGER R gedien. Adv. van der Westhuizen het namens Mills daarop gewys dat hy aansoek om tussentydse regshulp doen (band 2 p 76). Hy het verlof gevra om die getuienis van Mills

en prokureur Kurz te lei. Dit is toegestaan en nadat hulle getuig het, is daar namens Reck en Hartman insgelyks aansoek gedoen om hul getuienis af te lê. Die strekking van hul getuienis was in ooreenstemming met hul beëdigde verklarings behalwe dat meer besonderhede verskaf is. Ek sal later slegs na belangrike aspekte van hul getuienis verwys in soverre dit relevant is vir doeleindes van hierdie appèl. Nadat die saak gesluit is, het adv. van der Westhuizen regshulp in terme van konsepbevel "X" aangevra. Uitspraak is deur BURGER R voorbehou na aanhoor van die advokate se argumente.

Op 18 Desember 1987 het BURGER R sy voorbehoue uitspraak gelewer. Ek mag net hier daarop wys dat die Griffier se weergawe van die Hof a quo se bevele, soos vermeld in band 4 p 257, gebrekkig is omdat dit slegs bekragtiging van die interdik teen Hartman en die kostebevel noem terwyl dit die bekragtiging van die interdik teen

/21......

Reck weglaat. Vergelyk 1988(3) SA op p 98 F-G. Dit vermeld ook nie die bevel wat ten gunste van Mills verleen is om met die berging voort te gaan, sonder onredelike vertraging, hetsy met hetsy sonder Reck. Vergelyk 1988(3) SA op p 98 G-H. Dit is duidelik dat BURGER R finale interdikte teen Reck en Hartman verleen het terwyl Mills gemagtig is om met die bergingswerk voort te gaan, soos vermeld. Van die gevraagde Mandament van Spolie is daar geen vermelding nie.

Wat is die ratio decidendi vir BURGER R se uitspraak ? Hy het hom gewend tot die occupatio van 'n wilde dier (fera bestia) wat 'n res nullius is. Volgens die Romeinse reg indien A 'n wilde dier jag en verwond maar B slaag daarin om dit te vang dan word B deur occupatio eienaar daarvan. D 41.1.5.1 en Inst 2.1.13. Die rede is omdat

B fisieke beheer oor die wilde dier verkry met die bedoeling om eienaar daarvan te word. Hierdie regsbeginsel is oorgeneem in die Romeins-Hollandse reg maar de Groot 2.4.31, Voet 41.1.7 en van der Keessel *ad* Gr. 2.4.31 beweer dat in bogenomede voorbeeld word die vanger B volgens die jagwette beboet. Van der Keessel *loc.cit.* stel dit onomwonde dat dievanger eienaar word. Aan die hand van hierdie regsbeginsel waaraan hy 'n wending gee, formuleer BURGER R dan die regsbeginsel wat hy op die onderhawige geval toepaslik maak soos volg:

> "In my view the passages quoted from *Voet* and *De Groot* are adequate authority for interdicting the gate-crasher from interfering with the original hunter in his pursuit or with the person working on the wreck to separate a part, provided that he is still so engaged. If the gate-crasher could be 'fined' for

> interfering, which hardly seems applicable today, there is every reason to interdict him" (p 97 H-I).

Ook op p 98 D-E:

> "Further the original possessor and the person intervening are engaged on a lawful activity. There is also a competition between the original possessor and the person intervening and in the absence of regulation by the Court the situation could give rise to 'quarrels and brawls'. By analogy the original salvor or hunter should be given preference over the person intervening or gate-crashing."

Die wending wat BURGER R as 'n uitbreiding op ons gemene reg op hierdie aspek verleen, is volkome in stryd met ons gemene reg. Dit is verkeerd en ongegrond.

Wat BURGER R in die onderhawige geval moes gedoen het, was om vas te stel of Mills geregtig was op 'n <u>Mandament van Spolie</u>, soos aangevra in bede 1 A met

weglating van gemelde kwalifiserende sinsnede. Om daarop geregtig te wees, moes Mills voldoen het aan die twee vereistes soos neergelê in die Scoop-saak (supra). In die eerste plek moes hy aantoon dat hy fisieke beheer oor die groot kondensor gehad het. Hierdie fisieke beheer word baie treffend omskryf deur die beroemde Duitse juris Von Savigny (1779-1861) in sy Possession, 6e druk, 1848 (vertaling deur Sir Erskine Perry) op p 142:

> "The factum must be such as to place the person who desires to obtain Possession in a position which shall enable him, and him only, to deal with the subject at pleasure; that is, to exercise ownership over it."

En op p 147:

> "- - viz., the physical power of dealing with the subject immediately, and of excluding any foreign agency over it -
> - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

> This physical power, therefore, is the factum which must exist in every acquisition of Possession - - - ."

Nie alleen is Mills se bewering dat hy 'n tou met 'n boei aan die groot kondensor aangebring het deur Reck en Hartman ontken nie ('n geskilpunt waaroor BURGER R geen beslissing gegee het nie) maar al sou dit argumentshalwe so wees dan kom dit nog nie neer op die vereiste fisieke beheer oor die groot kondensor nie. Daar kan derhalwe geen sprake daarvan wees dat daar 'n wederregtelike ontneming van die fisieke beheer (wat hy nie gehad het nie) kon wees nie. Die getuienis van Reck dat die groot kondensor so groot is dat daar plek vir meer persone is om langs mekaar daaraan te werk, is nooit betwis of verwerp nie. Dit volg dat Mills nie 'n saak uitgemaak het dat hy op 'n Mandament van Spolie teen Reck en Hartman geregtig is nie. Mills was nooit 'n spoliatus nie.

Insgelyks was Mills nie geregtig op 'n tydelike interdik teen Reck en Hartman hangende die instel deur hom van 'n aksie teen hulle vir 'n verklarende bevel oor die eiendomsreg oor die groot kondensor nie omdat Mills nooit besit van die groot kondensor verkry het nie. Hy het nie bewys dat hy 'n prima facie reg oor die groot kondensor het, dat hy met onherstelbare nadeel bedreig word, dat die oorwig van gerief hom begunstig en dat hy geen ander regsmiddel tot sy beskikking het nie. Tereg het Hartman getuig dat 'n persoon alleen besit kon neem van voorwerpe wat hy fisies van die skeepswrak verwyder (Band 3 pp 225, 228, 238-239). Hy het dan ook erken dat hy geen regte oor die groot kondensor verkry het nie (band 3 p 238). Reck het tydens kruisondervraging verduidelik dat hy aanvanklik onder die indruk was dat hy regte oor die groot kondensor verkry het maar hy het nie geweet wat die aard van die regte was nie

(Band 3 pp 187, 188). As gevolg van regsadvies wat hy ingewin het, het hy verneem dat hy geen regte oor die skeepswrak of die kondensors het nie (Band 2 pp 153, 154, 155).

Mills was ook nie geregtig op ŉ <u>permanente</u> interdik teen Reck en Hartman nie omdat hy nie daarin geslaag het om te bewys dat hy ŉ duidelike reg (<u>clear right</u>) oor die groot kondensor het, dat hy deur Reck en Hartman benadeel is, of deur hulle met benadeling bedreig word, en dat hy geen ander regsmiddel tot sy beskikking het nie.

Dit volg dat Mills nie daarin geslaag het om die <u>causa</u> van sy aansoek te bewys nie. Hy het hom ook nie van die bewyslas gekwyt dat hy op die gevraagde regshulp geregtig is nie.

Die appèl teen Mills as Eerste Respondent moet derhalwe slaag.

Met inagneming van al die omstandighede

van die onderhawige geval oefen hierdie Hof sy diskresie uit om die gevraagde kondonasie toe te staan met 'n gepaste kostebevel. Prokureur W P Strauss is genader om redes aan hierdie Hof voor te lê waarom hy nie gelas moet word om die koste deur die kondonasie veroorsaak de bonis propiis te betaal nie. Hy het aangebied om dit wel te betaal.

Die volgende bevele word verleen:

1. Die aansoek om kondonasie word toegestaan en die koste daardeur veroorsaak moet deur prokureur W P Strauss de bonis propriis betaal word.

2. Die appèl slaag teen die Eerste Respondent met koste.

3. Die bevel van die Hof a quo word deur die volgende bevel vervang:

"The application is dismissed with costs."

--------------

C.P. JOUBERT AR.

HEFER AR)
NESTADT AR) Stem saam.
EKSTEEN AR)
F H GROSSKOPF AR)